**EKONOMIESE & BESTUURSWETENSKAPPE: GRAAD 8**
**Hersiening: Brondokumente**
**Aktiwiteit 3**

**Gebruik al die notas & aktiwiteite in jou *flip file* om die onderstaande vrae te beantwoord.**
**Hierdie aktiwiteit fokus op BRONDOKUMENTE.**

**Beantwoord al die vrae op die vraestel.**
**Trek die vraestel oor op lyntjiespapier indien jy dit nie kan print nie.**
**Bêre die blaaie in jou Rekeningkunde *flip file* en bring saam sodra die skole weer heropen.**

Die onderstaande **BRONDOKUMENTE** is in die eerste kwartaal behandel. Sakeondernemings moet alle inligting rakende transaksies wat die ondernemimg met ander partye aangaan, neerskryf sodat die inligting later verwerk kan word.

Depositobewys/-strokie Kwitansie Internetbetalingsbewys
Kleinkasbewys Kontantfaktuur Kasregisterrol Tjekteenblad

**OPDRAG**

3.1 Voltooi die onderstaande tabel deur aan te toon watter **BRONDOKUMENT(E)** in 'n onderneming gebruik word vir KONTANT ONTVANG en watter vir KONTANT UITBETAAL.

| **BRONDOKUMENTE VIR** | |
|---|---|
| **KONTANT ONTVANG** | **KONTANT UITBETAAL** |
| Depositobewys/-strokie ✓ | Internetbetalingsbewys ✓ |
| Kwitansie ✓ | Kleinkasbewys ✓ |
| Kontantfaktuur ✓ | Tjekteenblad ✓ |
| Kasregisterrol ✓ | |

3.2 Op 1 Januarie 2020 begin Danté Deere 'n loodgieters onderneming. Hy open 'n lopende bankrekening in die naam van *Deere Plumbing* en deponeer R40 000 van sy spaargeld in die rekening as sy kapitaalbydrae om die onderneming te stig.

Lees die onderstaande transaksies en verskaf telkens 'n moontlike BRONDOKUMENT wat die onderneming sal gebruik om die transaksie in hul boeke aan te teken.

| **Transaksie** | **Brondokument (kies vanuit die gegewe lys)** |
|---|---|
| 3.2.1 Danté deponeer R40 000 in die onderneming se lopende bankrekening. | Depositobewys/(-strokie) ✓ |
| 3.2.2 Danté koop materiale aan vir loodgieterswerk wat hy moet verrig en betaal via die internet, R14 230. | Internetbetalingsbewys ✓ |
| 3.2.3 Danté ontvang kontant vanaf 'n klant wie se waterpype hy herstel het, R6 410. | Kontantfaktuur ✓ |
| 3.2.4 Danté wissel 'n kontanttjek om, onder andere, sy werker vir die week te betaal, R1 800. | Tjekteenblad ✓ |
| 3.2.5 Danté gooi R60 se petrol in en betaal kontant daarvoor. | Kleinkasbewys ✓ |

3.3 Op 15 Januarie 2020 lewer Danté die volgende dienste aan Mindy van Zyl.

- Vervang twee geroeste waterpype @ R235 per pyp.
- Vervang die warmwaterstelsel @ R6 800.
- Arbeid vir 4,5 ure se werk @ R680 per uur.

**DEERE PLUMBING**

***Kontantfaktuur 12***

**Strandstraat 14**
**Oos-Londen**
**5214**

**Aan:**
***Mindy van Zyl*** ✓

**Datum:** 15 Januarie 2020 ✓

| Aantal | Besonderhede | Prys per eenheid | Totaal |
|---|---|---|---|
| 2 | Waterpype ✓ | R235 ✓ | R470 ✓ |
| 1 | Warmwaterstelsel ✓ | R6 800 ✓ | R6 800 ✓ |
| 4,5 | Ure arbeid ✓ | R680 ✓ | R3 060 ✓ |
| | | | **R**10 330 ✓ |

3.3.1 Wie is die diensverskaffer in bostaande transaksie? Deere Plumbing ✓

3.3.2 Wie is die klant in bostaande transaksie? Mindi van Zyl ✓

3.3.3 Hoeveel kopieë moet daar van hierdie faktuur wees? Twee ✓

3.3.4 Verduidelik jou antwoord in vraag 3.3.3. Sodat daar vir die onderneming sowel as vir die klant 'n afskrif van die transaksie is. ✓

3.4 Op 29 Januarie 2020 skryf Danté 'n kontanttjek vir R8 500 om lone te betaal.

3.4.1 Noem en omskryf die DRIE partye betrokke by 'n tjek.

- ♦ Trekker: eienaar van die tjekrekening en persoon wat tjek mag teken. ✓
- ♦ Begunstigde: ontvanger van tjek aan wie betaling verskuldig is. ✓
- ♦ Betrokkene: die bank waar die tjekrekening ge-open is. ✓

3.4.2 Gebruik die gegewens en voltooi die onderstaande tjek.

| | | |
|---|---|---|
| | | 003 |
| Datum | **29 Jan 2020** ✓ | |
| Aan | **Kontant** ✓ | |
| Vir | **Lone** ✓ | |
| | **R** | **c** |
| Vorige saldo | 31 784 | 03 |
| Deposito | 10 330 | 00 |
| Totaal | ✓**42 114** | **03** |
| **Hierdie tjek** | ✓ **8 500** | **00** |
| Saldo | ✓**33 614** | **03** |

640142

***VOLLOPBANK***

***Geregistreerde handelsbank***

Datum **29 Januarie 2020**✓

Betaal **Kontant** ✓ of toonder

Bedrag **Agtduisend vyfhonderd Rand alleen** ✓

**R 8 500,00** ✓

Strandstraat 14 Oos-Londen
003 :640142 :07137890814

*D. Deere* ✓
Deere Plumbing

**ONTHOU:** ‘n Kontanttjek moet **NIE gekruis wees NIE** en **“of toonder” moet NIE doodgetrek wees NIE.**

3.4.3 Hoeveel tjeks het Danté alreeds in totaal uitgeskryf? 3 tjeks ✓

3.4.4 Wie is die trekker in bostaande transaksie? Deere Plumbing ✓

3.4.5 **Lees bl. 51 in jou handboek: Voorsorgmaatreëls teen die vervalsing van tjeks.**
Omskryf VIER voorsorgmaatreëls wat jy moet neem wanneer jy ‘n tjek uitskryf

- ♦ Skryf duidelik en netjies met ‘n pen. ✓
- ♦ Skryf die volle naam van die nemer met die korrekte spelling. ✓
- ♦ Moenie enige korreksies op die tjek aanbring nie. ✓
- ♦ Moet nie groot spasies tussen woorde en syfers laat nie. ✓

- **Trek ‘n streep deur enige ongebruikte spasie by die bedrag in woorde en syfers sodat daar niks bygevoeg kan word nie.**
- **Gebruik die korrekte datum.**
- **Teken die tjek volgens die proefhandtekening wat jy by die Bank gemaak het.**
- **Voltooi die tjekteenblad, dit is jou rekord van hoeveel geld aan wie betaal is.**

3.5 Aan die einde van Januarie 2020 verskyn die onderstaande syfers, onder andere, in die boeke van Deere Plumbing.

Kontant in die bank, R33 614,03; Dienste gelewer, R38 770,00; Lone, R8 500,00; Brandstof, R708,50; Advertensies, R1 459,40; Materiaalkoste, R17 318,75, Onttrekkings, R7 500

| |
|---|
| **Bereken Deere Plumbing se netto wins aan die einde van Januarie 2020.** |
| Wins = inkomste -- uitgawes |
| = R38 770 ✓ – (8 500 ✓ + 708,50 ✓ + 1 459,40 ✓ + 17 318,75 ✓ |
| = R38 770 – 27 986,65 |
| = R10 783,35 ✓ |